
ESEG 1 : DIE OPENINGS- VISIOEN

No. E142

Hoofstuk 1 van Esegïël, die openingsvisioen, is sekerlik een van die merkwaardigste gedeeltes in die ganse Bybel. Ons het hier te doen met Esegïël se roeping as profeet. En dit gee ons - soos toe Moses en Jesaja geroep is (Eks 3; Jes 6) - 'n enkele, maar tog oorweldigende blik op die onbeskryflike heerlikheid en majesteit van die lewende God. En dis duidelik, as Hy op 'n persoon beslag lê, is dit onweerstaanbaar.

Soos elke keer as 'n profeet op so 'n merkwaardige wyse geroep is, het ook Esegïël se ontmoeting met God 'n onuitwisbare indruk op hom gemaak. Nooit sou hy weer dieselfde man wees nie. Hy verwys dan ook weer en weer na hierdie gebeurtenis (3:23; 8:4; 10:15,20,22; 43:3).

Hierdie openingsvisioen - so van hoek tot kant vol simboliek - is die fondament van die hele boek.

DIE VISIOEN (1:4-28)

Die Storm uit die Noorde (1:4)

❑ Dis 'n skrikwekkende gesig. 'n *Stormwind* en 'n *groot wolk* is op pad. Die wolk *gloei* soos witwarm metaal, en rondom dit flits *vlamme* heen en weer.

Hierdie storm, waarin God mettertyd sal blyk te wees, kom vanuit die *noorde*.

- Soos klokslag het Israel se vyande uit die noorde gekom. Eers was dit die Assiriërs; nou in Esegïël se tyd is dit die Babiloniërs. In die Ou Testament word dit dan tipies die rigting waaruit verskrikking en vernietiging kom (vgl. Jer 1:14,15;

4:6; 6:1). Hierdie mededeling oor die storm is dus vol onheilspellende betekenis.

- Maar agter hierdie heidennasies was God - hulle was bloot instrumente in Sy hand. *Hier het ons 'n simbool van God se komende oordeel.*

- Esegïël sou inderdaad 'n aankondiger van komende oordeel word. Tydens hierdie aanvanklike roeping ontvang hy dan ook 'n boekrol, vol geskryf met *klaagliedere, treurliedere en smartroepe* (2:9-10).

Slegs enkele jare later sou Jerusalem en die tempel vernietig word - en die bondsvolk finaal in ballingskap gaan.

Die Vier Lewende Wesens (1:5-14)

❑ Uit die vurige hart van hierdie woedende storm verskyn nou 4 mensvormige wesens. 'n Latere visioen sou toon dat dit *gerubs* is (10:1,20).

Let op dat Esegïël se sketsing nie eksak is nie, maar bloot pogings om wat hy sien in menslike taal en beelde te beskryf. Vandaar sy herhaalde gebruik van die begrippe "gestalte", "voorkoms", "soos", ensovoorts.

❑ Elkeen het *4 gesigte* (6, 10): dié van 'n *mens*, 'n *leeu*, 'n *bees* en 'n *arend*. Dit is simbolies van *intelligensie, krag, diensbaarheid en snelheid*. Veral lg. word sterk beklemtoon. Hulle *kalfspote* dui moontlik op *ratsheid* (7). En hulle skiet heen en weer soos weerligstrale (14).

❑ Ook het elkeen *4 vlerke* en *4 hande* (6, 8). Dit impliseer dat hulle *volkome toegerus is vir diens*.

❑ Met hulle *reguit bene* (7) beweeg hulle *reguit vorentoe*. As hulle van koers wil verander, is dit onnodig om te draai (9, 12). Hulle is dus gereed om onmiddellik te beweeg soos die Gees hulle stuur (12). *Hulle bestaan om God se opdragte, waar ook al, stiptelik uit te voer.*

❑ Die wesens se *vurige* voorkoms (13) dui op hulle onaantasbare *heiligheid*.

Die Vier Wiele (1:15-21)

❑ Langs elke wese, en vas aan hom (19-21), is 'n groot en indrukwekkende *wiel* (15, 18; 10:9). Hierdie wiele rol op die grond en *verbind die wesens dus met die aarde*.

Dis 'n wiel binne 'n wiel - met hulle asse loodreg op mekaar - sodat hulle onmiddellik in enige van die vier windrigtings kan beweeg (16-17).

Let op hoe sterk hierdie saak beklemtoon word: soos die wesens met hulle vier vlerke en reguit bene onmiddellik in enige rigting kan beweeg, so ook die wiele.

❑ Die wiele is *rondom vol oë* (18). Hulle kyk in alle rigtings gelyktydig en sien alles. Dit simboliseer *alwetenskap*.

❑ Die *wesens se gees is in die wiele* (20,21). Daarom voer die wiele hulle wil stiptelik en akkuraat uit.

Die Verskyning van die Here (1:22-28)

❑ Dan kyk die profeet op. Bokant die wesens is daar iets soos 'n *uitspansel*, 'n *gewelf* (nie 'n platform nie, maar iets reusagtigs en bolvormig). Dis onduidelik of dit op die wesens rus of nie (die voorsetsel "bokant" kan ook "op" beteken). Dit het die kleur van yskristal.

❑ Die wesens dra as 't ware hierdie "troon" deur die blitsnelle beweging van hulle vlerke (23-24). En dit veroorsaak 'n magtige gedruis - soos baie waters (43:2; Op 1:15; 19:6), soos die stem van die Almagtige, soos 'n aankomende leërmag (24; 10:5).

Deur die opstapeling van beelde poeg Esegïël om iets van sy verbysterende indrukke deur te gee.

❑ Dan is daar eensklaps stilte. Die wesens het hul

vlerke laat sak - en van bokant die gewelf kom 'n stem (25). Hieroor sê Esegïel vir eers niks meer nie (in hoofstuk 2 praat hy daaroor), want as hy verder opkyk, word hy oorweldig deur wat hy sien: iets soos 'n troon - hemelsblou. *En daarop is 'n gestalte met die voorkoms van 'n mens* (26).

Die profeet se huiweringe en vae woorde is betekenisvol: "iets soos", "gestalte", "die voorkoms van". Menslike woorde en kategorieë skiet eenvoudig totaal te kort om te beskryf wat hy sien.

□ Hierdie is die verskyning van die Here - *Jahweh* - die God van Israel (28).

Weereens kan die profeet beswaarlik meer sê van wat hy sien - dis asof sy woorde stol. Al wat hy beskryf, is die vuurglans: van die heupe af boontoe soos gloeiende metaal; ondertoe, vlamme.

□ Rondom hierdie duiselingwekkende toneel sien Esegïel dan iets vol betekenis - *'n reënboog*, teken van God se verbondstrou aan Noag (Gen 9:9-17).

□ Uiteindelik is die heerlijkheid van die Here vir Esegïel te veel. Hy *val op sy gesig* (28). So reageer mense keer op keer as hulle met die lewende God te doen kry (Gen 17:3; Rigt 13:20; 1Kon 10:5; 18:7; Dan 8:17-8; 10:9; Hand 9:4; Op 1:17).

In h.2 lees ons hoe die visioen oorgaan in Esegïel se roeping. Eintlik is 1:1-3:27 'n eenheid. Maar vir die oomblik konsentreer ons op hoofstuk 1.

DIE OPENBARINGSBOODSKAP

□ Primêr is hier 'n openbaring van die naderende oordele oor Jerusalem. En God self is die oorsprong daarvan. Nebukadnesar sou bloot 'n pion in Sy hand wees.

□ Verder gee hierdie visioen nogeens vir ons iets van 'n blik op die ontsagwekkende grootheid en majesteit van God.

- Hy is *onaantasbaar heilig*. Vuur is keer op

keer 'n simbool hiervan (Eks 3:2-3; 13:21; 19:18; 1Kon 18:24,38; 2Ts 1:7; Hb 10:27; 12:29; Op 1:14).

- Hy is *onstuitbaar almagtig*. Alles in Esegïel se gesig spreek van die mens se geringheid en magteloosheid. Maar veral onderstreep dit God se verskriklike krag.

- Hy is die *regeerder oor alles*. In die profete se visioene is Hy keer op keer op 'n troon (1Kon 22:19; Jes 6:1; Dan 7:9; Op 4:2). Koninkryke kom en gaan - maar Sy troon bly onwankelbaar en ewig staan.

- Hy is die *regter*. En as 'n reël voltrek Hy Sy oordele middellik - deur mense en omstandighede te gebruik.

□ Aardse gebeure kom en gaan nie maar vanself nie. *Bokant alles is daar hemelse kragte wat dit stuur en rig*. Die lewende God regeer soewerein. Legioene engelemagte staan dag en nag gereed om blitsvinnig-gehoorsaam Sy opdragte uit te voer. En vir hulle is niks té ver, té afgesonderd, té verskuild, té geheim nie.

- Ps 104:1-4: *"Ek wil die Here loof! Here my God, U is baie groot, U is bekleed met koninklike luister, U is met 'n kleed van lig omhul. Dit is U wat die hemelkoepel soos 'n tentdoek gespan en vir U 'n woonplek ingerig het oor die waters daarbo, U wat op die wolke ry, op die vleuels van die wind, U wat die winde u boodskappers maak, die weerligte u dienaars ..."*

□ Selfs hierdie onheilspellende en skrikwekkende manifestasie van God word omhul met 'n *reënboog*. Dis die simbool van God se verbond met Noag - en met die aarde (Gen 9:12-13). Dis dus 'n genadeteiken. En ons weet, in die lig van die Nuwe Testament, dat dit *Christus* is wat dit moontlik maak. Hy is die Hoof van God se nuwe skepping. In Hom word nie alleen sondaarmense gered nie; ook die

natuur sal uiteindelik herstel word (Rom 8:19-22).

SLOT

□ *Hierdie waarhede staan vandag onveranderd vas*. En dis belangrik om dit steeds voor oë te hou - anders verloor ons perspektief en lê vrees ons lam. Onthou dus Wie dag na dag heers - en dat Hý alles soewerein beheer, ongeag of dit groot, historiese gebeure is, en of dit klein, persoonlike besonderhede is. *Weet dus dat die leisels van die geskiedenis nie regtig so slap hang soos dit soms lyk nie*.

Esegïel het hierdie dinge verstaan en onthou. Daarom is hy nie net aankondiger van God se oordele nie, *maar bowenal 'n jubelende herout van God se soewereine regering - en besonderlik van Sy heil*.

□ Ongeag wat ook al voorlê - vir jou persoonlik, of vir die hele wêreld - onthou, en bly onthou: daar is 'n reënboog om die troon. *Bo-oor alles en onder alles is daar God se genade en heerlike verlossingsplan in Jesus Christus*. Dit gaan oor Hom en oor die erfenis wat Sy Hemelse Vader vir Hom uitgemeet het. En niks, maar niks, kan die finale en volkome realisering daarvan verydel nie.

□ Onthou, onthou, onthou: *God gee Sy genade vrylik vir sondaars - maar net vir sondaars wat deur die geloof met Sy Seun verenig is*. Vlug dus vir God se toorn wat aan't kom is, vlug in Jesus Christus in!

Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, "n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: E: nico.vanderwalt@reformed.org.za; Posbus 856, Ceres, 6835. Tel: 023-312 1687; 082 7766 141.
- www.reformed.org.za www.antipas.org.za www.sola5.org
- Weekliks word "n preek soos hierdie wêreldwyd in Afrikaans of Engels per e-pos gestuur aan ongeveer 2000 mense wat dit aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
- Vorige E-preke is te kry op die eerste twee webwerwe hierbo.
- Preekopnames: E: info@nunide.org.za; Tel: 012-8083 906